

## 27 Junie - KIES

**Skrifgedeelte: Josua 24:1-28 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Josua 24:15**

**D**it was al baie lank dat die Here aan Israel vrede ten opsigte van al sy vyande gegee het, en Josua was al baie oud. Die volk het in Sigem bymekaargekom, en Josua verduidelik aan hulle alles wat die Here vir hulle tot op daardie stadium gedoen het.

Josua het hulle herinner aan God se onverdiende guns en voorsienigheid: van Abraham tot Josua het die Here hulle telkens gelei en gered. Hý het vir hulle oorlog gevoer en die land aan hulle as besitting gegee. Hý het vir hulle stede gegee wat hulle nie gebou het nie, wingerde wat hulle nie geplant het nie. Nie een van die beloftes wat Hý aan hulle gemaak het, het on vervuld gebly nie.

Maar steeds het die volk ander gode gedien. Na alles wat die Here vir hulle gedoen het, was almal steeds nie getrou aan Hom nie! Na die Here se daaglikse sorg vir etlike dekades, het hulle steeds nie sy guns en genade ten volle begryp nie! Byna sarkasties sê Josua dan: *As al hierdie beloftes dan nie genoeg is nie – kies dan maar self wie julle wil dien. Die land waarin julle nou woon is mos vol talle afgode. Watter een van die oorwonne konings van hierdie land se afgode wil julle dien?*

Josua laat hulle egter nie kies tussen die Here en die vreemde gode nie. Hy sê as hulle die Here nie wil dien nie, hulle keuse genoeg is. As die Here verwerp word, is dit verder om 't ewe. Die Here staan nie in 'n ry met die afgode van Kanaän nie!

Die volk moes kies. Josua het klaar gekies ... En hoe kon die volk dan anders? Na alles wat die Here gedoen het ... Ook hulle dink glad nie daaraan om die Here te verlaat en ander gode te dien nie. Ook hulle sal die Here dien – Hy is hulle God!

Watter afgode het u in u lewe? Rykdom, aansien of dalk eiewaan? Nee! Moenie ander gode dien en voor hulle buig nie – verwyder hulle! U kan nie die Here en hierdie afgode dien nie ... Na alles wat Hy vir u deur Christus gedoen het, hoe kan u dan anders as om Hom met opregtheid en trou te dien?

Antwoord met die woorde: *“Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien!”*

*Sing: Psalm 119:1-10*

*Teol. Student AJ Coetsee*